# Hoe om lojale vriende te vind

**Instruksies:** Doen hierdie oefening op ʼn stil plek. Stel jou voor dat jy deel is van die gebeurtenis terwyl jy die tekste lees. Visualiseer die toneel. Hoor die stemme. Ervaar die emosies van die karakters. Leef jou in die verslag in.

**Hoofkarakters:** Jonatan, Dawid en Saul

**Opsomming:** Nadat Dawid vir Goliat doodgemaak het, word Jonatan Dawid se beste vriend.

❶ ***ONTLEED DIE TONEEL.—LEES 1 SAMUEL 17:57–18:11; 19:1; 20:1-17, 41, 42.***

Beskryf Saul se voorkoms soos jy jou dit voorstel. (Leidraad: Sien 1 Samuel 10:20-23.) ____________________

____________________

Dawid was waarskynlik ʼn tiener toe hy Jonatan ontmoet het. Hoe dink jy het hy gelyk? (Leidraad: Sien 1 Samuel 16:12, 13.) ____________________

____________________

Watter emosies neem jy waar in die stemme van Dawid en Jonatan wanneer hulle paaie aan die einde van 1 Samuel hoofstuk 20 skei? ____________________

____________________

____________________

❷ ***DELF DIEPER.***

Die verslag sê dat "die siel van Jonatan aan die siel van Dawid verkleef geraak" het—of soos die *Contemporary English Version* dit stel: "Dawid en Jonatan het beste vriende geword" (1 Samuel 18:1). Watter eienskappe het Dawid gehad wat Jonatan moontlik tot hom aangetrokke laat voel het? (Leidraad: Sien 1 Samuel 17:45, 46.) ____________________

____________________

____________________

Die ouderdomsverskil tussen Dawid en Jonatan was ongeveer 30 jaar. Watter faktore dink jy het hulle gehelp om ondanks die ouderdomsverskil "beste vriende" te word? ____________________

____________________

Wat is 'n paar kenmerke van 'n ware vriend, soos hierdie boeiende verslag toon? (Leidraad: Sien Spreuke 17:17; 18:24.) ____________

Waarom het Jonatan lojaliteit aan Dawid bo lojaliteit aan sy eie pa gestel? ____________



❸ ***PAS TOE WAT JY GELEER HET. SKRYF NEER WAT JY GELEER HET OOR . . .***

Vriendskap. ____________

Lojaliteit. ____________

Vriendskappe met ouer mense. ____________

Hoe kan jy die beste soort vriende tot jou aantrek? ____________

❹ ***WAT OMTRENT HIERDIE VERSLAG IS VIR JOU DIE BETEKENISVOLSTE, EN WAAROM?***

____________

www.jw.org © 2010 Watch Tower Bible and Tract Society of Pennsylvania